HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief

1 Oktober 2021

Liewe ouers, voogde, leerders en personeel

Graag bring ek die volgende belangrike inligting onder julle aandag!

1. **Leedwese**
   Namens die personeel, leerders en ouers wil ons, ons innige meegevoel met die Nothnagel-gesin betuig. Michaela (Gr. 12) se pa is op Sondag 26 September 2021 oorlede. Mag God hierdie familie die krag en vrede in hierdie moeilike tyd gee. Baie sterkte vir hierdie hartseer tyd!

2. **Dankbetuigings.**
   Baie dankie aan elkeen wat die afgelope kwartaal hard gewerk het. Dankie, aan ouers, wat te midde van die pandemie, sorg dat hulle kinders gereeld skool bywoon. Baie dankie aan die personeel wat die afgelope kwartaal die ekstra myl vir die leerders geloop het. My dank aan die beheerliggaam vir die afgelope kwartaal se vergaderings en die besluite wat geneem is.

3. **Kwartaalprogram en skoolbywoning**
   Aangeheg vind u die kwartaalprogram.
   3.1. Alle gr. 11's en 12's woon vanaf 11 Oktober elke dag die skool by. Die matrieks moet asseblief tot en met Vrydag 22 Oktober 2021 elke dag by die skool wees.
   3.2. Die gr. 8 en 9's kom ongelukkig nog elke tweede dag skool toe.
   3.3. Die gr. 10's kom elke tweede dag skool toe tot en met Maandag 18 Oktober. Op Dinsdag 19 Oktober, totdat die eksamen begin, kom hulle dan elke dag skool toe.

   Gr. 8 tot 10 begin Maandag 11 Oktober met die geel groep – dag 1.

   Eksamen gr. 8 - 11. Die beplanning is dat hulle eksamen op Woensdag 10 November sal begin en dat die eksamen Vrydag 3 Desember sal eindig. Al die bogenoemde datums is onderhewig aan die goedkeuring van distrikskantoor.

   Die gr. 9-leerders skryf op Maandag 18 Oktober 2021 sistemiese toetse. Alle gr. 9-leerders **moet** asseblief die dag teenwoordig wees.

4. **Tye van die skool vanaf 11 Oktober 2021**

Tyd	Periode	Duur van die periode: minute
07:15 – 07:25	Personeelvergadering	10minute. Een graadhoof word verskoon om te help met skandering Alle ondersteuningspersoneel by skandering
07:15 – 07:36	Skandering	21
07:36 – 07:51	Registerperiode	15

07:56 – 08:50	Periode 1	54
08:55 – 09:49	Periode 2	54
09:54 – 10:09	Pouse 1	15
10:09 – 11:03	Periode 3	54
11:08 – 12:02	Periode 4	54
12:07 – 12:22	Pouse 2	15
12:22 – 13:16	Periode 5	54
13:21 – 14:15	Periode 6	54
14:30	Personeel verdaag na sport- en kultuur-oefeninge en voorbereiding	

5. **Pandemie**
   Ons is op hierdie stadium baie dankbaar dat die infeksiekoers dramaties afgeneem het. Ons versoek egter dat elkeen wat die skool besoek streng by die Covid-protokol sal hou. Die voorspelling is dat die vierde golf ons aan die einde van November gaan tref. Deur by die protokol te hou en soveel as moontlik mense in te ent, kan ons die invloed van die volgende vlaag baie laag hou.

   Maak asseblief seker dat ons nog steeds ons hande gereeld was, gereeld saniteer, ons maskers dra en 'n afstand van 1m handhaaf.

   Ons wil graag sien dat leerders ook aan sport- en kultuuraktiwiteite deelneem. Daarom moet ons poog om die protokol wat van toepassing is, toe te pas.

   Ons saniteer nog elke dag die skool met infrarooi ligte en sorg dat die kleedkamers higiënies is.

6. **IT-komitee**
   Die beheerliggaam benodig tans 'n ouer wat op die IT-komitee kan dien. Die komitee vergader een keer per maand. Indien ouers belangstel om op die komitee te dien, moet die persone vir Henry Grimes kontak. Sy e-posadres is itsupport@outeniqua.co.za .

7. **Gewigoptel**
   Baie geluk aan Calen van Zyl 12/42 en Jordan van Zyl 9/36 wat aan die SA nasionale kampioenskappe deelgeneem het. Albei het hulle afdelings gewen en is dus die SA-kampioen in hulle afdeling. Die twee het aan die begin van die jaar met gewigoptel begin. Geluk met die besondere prestasie.

8. **Dans**
   Vier van ons leerders, Ruben Volschenk, Chani Jacobs, Misha Kruger en Anika Grobelaar het na die onlangse SA Hip-hop dans kampioenskappe hulle SA-kleure verwerf. Hulle gaan aan die wêreld Hip-hop kampioenskappe in Frankryk deelneem. Geluk aan die vier met hulle uitsonderlike prestasie.

9. **Henco Bester sprei sy Kultuur-vlerke**
   Henco Bester, 'n graad 9-leerder het die geleentheid aangegryp en ingeskryf vir verskeie aanlyn-kompetisies in drama en sang. Hierdie sluit in: Conspirito, Jou Groot Talent, ADK, Talent Africa, Podium Pret, Western Cape Virtual Eisteddfod, Dramaweb SA en Op die Planke Monoloog Fees. Hy dring deur na die Nasionale

Forte Rondte van Conspirito (Aanlyn Drama en Sang), waar hy 96% (Poësie), 97% (Prosa), 97% (Monoloog), 94% (Backtrack), 98% (Jazz), 98% (Film) behaal en word aangewys as item-wenner in die Monoloog en Gedramatiseerde Prosa kategorieë, asook al drie sang afdelings en word genooi na die Prestige Geleentheid in Alberton. Verder kwalifiseer hy vir die Nasionale Finale Rondte van Op die Planke - Monoloogfees wat op 18 September in Germiston plaasgevind het. Daar behaal hy 3de plek in sy kategorie. Henco dring ook deur na die Nasionale rondte vir drama en sang van Talent Africa asook die finale rondte van Met Podium Pret, wat beide in Oktober plaasvind. Plaaslik kon hy een of twee keer fisies deelneem aan die Garden Route Eisteddfod En MMADD-fees in Montagu, waar hy by altwee geleenthede spesiale toekennings ontvang en uitgenooi word na die Garden Route Eisteddfod se Gala-aand in Oktober. Henco voltooi ook 2 een-jaar mentorskap programme, naamlik Sing Aanlyn en Mentor My, waar die akteur en sanger Germandt Gelderblom en aktrise Jana Nortier as sy mentors optree. Wat 'n wonderlike manier om vlerke te sprei!

Henco Bester se prestasies het geen einde nie...

Henco Bester word aangewys as *Conspirito* se nasionale itemwenner in die monoloog, prosa en leesafdelings en word genooi om in Oktober aan die prestige geleentheid, in Alberton, deel te neem.
Hy behaal 90 + vir al 4 items waaraan hy deelgeneem het by die *ADK Virtuele kunstefees.*
In Oktober neem hy deel aan die nasionale rondte van die *Talent Africa* kompetisie, *Podium pret* se eindrondte en is hy gevra om by die gala-aand van die Garden Route eisteddfod, op te tree en dit aan te bied.

10. Krieket

Die o15-groep & o14 seuns oefen Maandae en Woensdae 15:30 - 17:00, Die o15A span oefen op Donderdae 15:00 - 16:00.
Die o19-groep oefen Dinsdae en Donderdae 15:00 - 17:00, terwyl die o19A span op Maandae 14:30 - 16:00 oefen.
Vanaf 6 tot 9 Oktober bied Hoërskool Outeniqua ons jaarlikse krieketweek aan. Daar sal twee van ons o15 spanne betrokke wees by die toernooi. Geen toeskouers word op die terrein toegelaat nie.
Wedstrydhemde is te koop by Top Gear.

Die eerste liga wedstryde sal op 16 Oktober plaasvind. Daar is vier spanne wat in die liga gaan deelneem. Geen toeskouers word op die terrein toegelaat nie.

Indien u enige verdere navrae het, kan u Mnr. Terblanche per e-pos kontak by krieket@outeniqua.co.za.

11. Wetenskap Ekspo

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasie in die Wes-Kaap Wetenskap Ekspo kompetisie:

* Christlin Ferreira (Gr10) se projek was "highly commended" in senior afdeling
* Marseilles Naude (Gr10) verower 'n goud vir haar projek in die senior afdeling
*Jaco Jacobs (Gr10) verower ook n goud in die senior afdeling

Marseilles en Jaco dring deur na die Internasionale Wetenskap Ekspo (ISF) aan die einde van die jaar.

12. Finansies

Ons opregte dank aan al die ouers vir gereelde betalings. Geliewe te onthou dat rekeninge voor of op 31 Oktober 2021 te volle betaal moet wees, waarna alle uitstaande gelde aan die skool se invorderaars oorhandig sal word.

13. Kennisgewing: Begrotingsvergadering

Hiermee gee die beheerliggaam van die Hoërskool Outeniqua u kennis van die begrotingsvergadering wat op 4 November om 18:00 in die personeelkamer sal plaasvind. Al ons ouers word hartlik uitgenooi om dit by te woon.
Tydens hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir 2022 goedgekeur word, asook die skoolfonds-bedrag en koshuis-losies vir 2022 vir goedkeuring voorgelê word. Hierdie besluit sal dan op alle ouers bindend wees.
Die begroting vir 2022 sal vanaf 21 Oktober by die finansiële kantoor ter insae wees.

14. Tennis

Baie geluk aan die volgende Kwagga leerlinge wat EDEN verteenwoordig het in die Tennis IPT:

o/15 Dogters

Ile Lategan, Anja Bezuidenhout, Lisa Smit, Shane Buitendag

o/15 Seuns

Johan Naude, Ivan Beukes, Louw de Bruyn, Andre Kleinhans, Liam Till

o/19 Dogters

Anika Kleinhans

o/19 Seuns

Martin Mostert, Michael Mostert

15. Kultuur Inligtingsaand vir ouers en leerders

Alle ouers en leerders van die Musiek, Dans en Drama Departemente word hartlik uitgenooi om deel te raak van ons opwindende eeufees projek vir kultuur. Woensdag 13 Oktober om 18:00 in die skoolsaal. Moet dit nie misloop nie!

16. Bemarking

- Vind op 16 Oktober by die Bush Lapa, Heroldsbaai plaas. 'n Groot treffer en baie pret!!

- Ons sien baie uit na ons jaarlikse Kwagga Wynveiling wat op 30 Oktober deur Beyers Truter as die afslaer aangebied word.



Ons benodig asseblief OUERS & ONDERSTEUNERS se hulp met pryse, veilingitems en kosbestandele vir al 3 fondsinsamelings.

Ouers word ook benodig vir hulp by die Dekor Komiitee asook vir lootjieverkope by die Gholfdag – ons hoor graag van julle!

Navrae: 083 632 6657 / bemarking@outeniqua.co.za

.

Kwaggas se kragtige debatspan

Van jongs af het Carina Duvenage en Joslin Swanepoel vir die hoogste debatsport gemik. Dit vra meer as net 'n harde stem om 'n debat te wen. Met taktiek en 'n woordeskat wat selfs die woordeboeke 'n skrik op die lyf jaag, wen hul die 2021 Kaap-uitdun van die Con Spirito debatkompetisie met vlieënde vaandels. Die onderwerp is of matriekafskeid in die huidige format nog 'n plek het. Volgens Carina en Joslin is die wenresep vir 'n goeie debatspan: tonne bronne, wye antisipering, uitstekende toesprake en 'n skerp sin vir humor. Natuurlik is samewerking, selfvertroue en improvisasie ook van kardinale belang vir 'n goeie debatsgesprek.

Carina en Joslin het in 2018 en 2019 die Suid- en Oos-Kaap by die ATKV Nasionale debatskompetisie se eindrondes verteenwoordig. Dit is 'n groot prestasie aangesien baie spanne van 'n verskeie skole in die streek deelneem en slegs twee spanne na die finaal toe gaan. Voorbereiding vir hierdie kompetisies verg baie tyd en moeite. Dit spreek boekdele vir hulle selfmotivering, vasberadenheid, vindingrykheid en vermoë om onder druk te presteer. In 2018 word hulle aangewys as Beste Junior Debatspan en in 2019 Beste Senior Debatspan in Hoërskool Outeniqua. As gevolg van Covid-19 was daar ongelukkig nie 'n ATKV-debatsfinaal nie

Debat leer leerders gevorderde vaardighede onder andere om navorsing te doen, krities te dink, onderwerpe te analiseer, empatie en om vinnig op jou voete te dink. Hierdie vaardighede help Carina en Joslin. Hulle het ook al leierskapvaardighede getoon deur jonger debatspanne af te rig.

Ek sien uit om hierdie twee by die finaal van die Con Spirito debat op 22 en 23 Oktober in Johannesburg dop te hou. Mag julle vir oulaas Kwaggas se naam hoog hou. Ons hoop dat hulle hul hoërskool debatloopbaan op 'n hoogtepunt kan afsluit.

Vriendelike groete

C.P. VORSTER

Oktober 2021

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
				1 **Skole sluit**	2	3
4	5	6	7	8 Matriekafskeid	9	10
11 Geel **Skole begin** **NSS** Visuele Kunste en Ontwerp Praktiese eksamen VRL-afsluitingsfunksie	12 Ougoud Foto's register-klasse gr. 12's. Opleiding: NSS-eksamen vir personeel en toesighouers. **NSS** VK en Ontwerp Praktiese eksamen	13 Geel SSB-vergadering **NSS** Visuele Kunste en Ontwerp Praktiese eksamen Leerder- en Puntebespreking Kunste Oueraand	14 Ougoud **NSS** Visuele Kunste en Ontwerp Praktiese eksamen Leerder- en Puntebespreking	15 Geel Rapporte **NSS** Visuele Kunste en Ontwerp Praktiese eksamen	16 **NSS** Visuele Kunste en Ontwerp Praktiese eksamen Skoolbestuur-vergadering (Alle departements-hoofed, adjunk hoofde en skoolhoof)	17
18 Ougoud Sistemiese toetse gr. 9's. Bekendmaking van VRL	19 Geel FK-vergadering Bekendmaking van VRL	20 Ougoud **NSS** IT Prakties Middelvlak-bestuur Verkiesing van hoofleerders	21 Geel Prysuitdeling Gr. 12 Addisionele Wiskunde Vraestel Bekendmaking van hoofleerders.	22 Ougoud MATRIEKS SE LAASTE DAG!	23	24
25 Geel	26 Ougoud BL.-vergadering	27 Geel SSB-vergadering **NSS-eksamen begin**	28 Ougoud Societas Nobiltat-funksie	29 Geel	30 Reünie 2000 Wynveiling	31

November 2021

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
1 Publiek vakansiedag	2 Ougoud	3 Geel SSB-vergadering	4 Ougoud Ouer begrotings-vergadering	5 Geel Krieket Boland Landbou	6 Reünie 2001 Krieket Boland Landbou	7
8 Ougoud	9 Eksamen begin gr 8 - 11	10	11	12 Personeelafsluiting	13	14
15	16	17	18	19 Kwagga Gholfdag - Fancourt	20	21
22	23 FK-vergadering	24	25 Oud-Kwagga kuier	26	27	28
29	30 BL.-vergadering					

Desember 2021

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
		1	2	3 Eksamen gr. 8 tot 11 eindig	4	5
6	7	8	9	10 Promosies en progressie	11	12
13	14	15 **Skole sluit**	16 Versoeningsdag	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		